

# PERSONALIA

## NUWE PERSONEEL



*Mnr. Faan Basson (Opsigter), mej. Tersia Smuts (Tikster), mnr. Leon Schoombie (Navorsingstegnikus Paleontologie).*

## PRESTASIES VAN DIE PERSONEEL

Hannes Haasbroek, historikus aan die Nasionale Museum, het sy doktorsgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal. Sy proefskrif, getiteld *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885-1924*, handel onder meer oor Wessels se invloed en bydrae as Volksraadslid (1885-1899), Uitvoerende Raadslid (1892-1895), voorsitter van die Volksraad (1897-1899), Deputasielid na Europa, Rusland en die VSA (1900-1902), Sentrale Komiteelid van die Orangia-Unie (1906-1912), Minister van Openbare Werke, Lande en Mynwese (1907-1910) en Administrateur (1915-1924).



Dr. Hannes Haasbroek

James S. Brink, argeoloog aan die Nasionale Museum, het sy meestersgraad in Argeologie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Die tesis, *"The archaeozoology of Florisbad, Orange Free State"*, behels die studie van fossielversamelings van Florisbad. Die studie lewer 'n bydrae tot kennis oor die omgewingstoestande van die Laat Pleistoseen (ca. 100000 gelede) in die OVS, asook die gedrag van vroeë moderne mense.



Mnr. James Brink